Bevry tot diensbaarheid

***Japie Coetzee** is 'n predikant van die Hervormde Kerk in Johannesburg en ook betrokke by hulle fasiliteringspan. Hy is die afgelope 24 jaar betrokke in hospitaalbediening. Verder bedryf hy ook as tentmaker die afgelope 11 jaar 'n trauma-ondersteuningsdiens in 'n aantal privaat hospitale.*

Terwyl ons vroeër vanjaar tydens die GDN-byeenkoms besig was met *Wandel in die Woord,* het die volgende greep uit 1 Korintiërs 9:19-22 my op 'n besondere manier aangespreek: "Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommiges te red. Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

Ek het iets van my eie persoonlike en bedieningsreis beter begin verstaan. Ek het op daardie oomblik onthou wat Frederick Marais op die titelbladsy van 'n boek waarvan hy die outeur is, geskryf het toe ek hom gevra het om my eksemplaar te teken: "... ek het God se apostel in die stad ontmoet."

My menswees is van so 'n aard dat ek altyd wonder wat anderkant die grense van die bekende lê. Daarom ry ek eerder agterpaaie as die bekende hoofweë na my bestemmings.

Ook in my bediening het ek daarvan bewus geword dat die Here my oor grense stuur. Soms moes Hy my daaroor dwing!

Gedurende die afgelope 24 jaar van hospitaalbediening, het hierdie waarheid by my tuisgekom: Om met mense in hulle besondere lewensomstandighede die betekenis van die evangelie van Jesus Christus te deel, is om grense oor te steek. Om die hoop in Christus met ander te deel, moet 'n mens dit waag om die grense van taal, kultuur, sosiale kontekste, teologiese tradisies en selfs godsdiens – al dié dinge wat sinoniem is met eie geborgenheid – oor te steek.

As ek iets van my verhaal met jou deel, gaan dit nie oor my en my verhaal as sodanig nie. Dit gaan oor God se verhaal met mense en met sy kerk. Ek deel iets van hierdie verhaal met die hoop dat dit jou sal bemoedig om grense tot uitbreiding van die koninkryk van God oor te steek.

My bedieningsreis

Ná bykans tien jaar van gemeentebediening aan die Oos-Rand, is ek benoem as hospitaalpredikant in Johannesburg.

Dit was 'n aanpassing om nou, soos duisende ander mense, elke oggend deur die verkeer "stad toe te gaan vir werk", en nie sommer maar net van die kombuis na die studeerkamer te stap nie!

Gou het ek agtergekom dat my teenwoordigheid in die hospitaal verdra word, maar dat ek nie juis voorrang geniet omdat ek 'n dominee is nie. Die wêreld van die hospitaal, die kliniese konteks, die diversiteit van godsdienste (en ook geen godsdiens), taal, kultuur en sosiale stand, was nuut en vreemd – al het ek gedink ek is 'n gesoute Johannesburger! Om in hospitaalbediening tuis te kom, is totaal iets anders as om as gemeentepredikant hospitaalbesoek te doen.

Een ding was baie duidelik: Hier is grense wat oorgesteek moes word, en dit gaan my uit my geborgenheid en gemaksone dwing. Waag ek dit nie, gaan ek steeds 'n besoeker bly en nie deel word van die kultuur en dienslewering van die hospitaal nie.

Dit het gevra dat ek vertroud moes raak met die kliniese aspekte, sonder om spreekwoordelik 'n witjas te dra! Dienslewering, gepaard met egtheid en toegewydheid, asook professionele optrede wat waarde aan pasiënte en naasbestaandes se welsyn toevoeg, het die grensmure van skeptisisme oor die teenwoordigheid van 'n dominee begin afbreek.

Gaandeweg het ek versoeke ontvang om personeel en pasiënte van ander kerke, en dikwels mense van geen kerkverband nie, te ondersteun. Dit was op sigself nuwe grense wat oorgesteek moes word. 'n Mens is so vertroud met jou eie kerklike teologie en kultuur (en politiek!) dat jy deurentyd daarteen moet waak dat pastorale sorg nie oorgaan in kategese en proselietmakery nie.

Teen die einde van die negentiger jare het daar 'n nuwe grens op die bedieningspad na vore gekom: Die rasionalisering van sinodale dienslewering en poste as gevolg van die ongesonde finansiële situasie waarin die kerk verkeer het.

Eerstens was daar emosionele grense – teleurstelling dat hierdie gespesialiseerde bediening, 'n mens se passie, nie as noodsaaklik geag word nie. Verder ook onsekerheid oor die toekoms en die versorging van jou gesin. Die eintlike grens was egter die besluit om met hierdie bediening as tentmakerbediening voort te gaan.

Dit was juis in hierdie tyd dat die gesprek oor die *missio Dei*-teologie al meer aan die orde gekom het – nadenke oor hoe ons na God se visie vir sy kerk in 'n veranderende wêreld moes vra, en nadenke oor hoe ek, te midde van my eie omstandighede, kon inval by dit waarmee God reeds in die wêreld en met my besig was.

Diensbaarheid sonder grense

In hierdie tyd het die geweld en emosie rondom die nuwe Suid-Afrika hoogty gevier. Die trauma-eenhede is oorval met pasiënte. Gewoonweg deur te begin diens lewer, het ek as 'n traumaberader by die trauma-noodeenheid van een van die hospitale betrokke geraak.

Na bl 17

Now of course, all of this activity in the rural areas of a famine-stricken country drew a lot of attention. John and the other Life Ministry staff have appeared on local television a number of times. John could not even tell me how often – he has stopped counting!

Being somewhat famous by now, John faced a new problem: Many people, seeing what went on, wanted to join the staff of Life Ministry Zimbabwe. Life Ministry however, is a mission organisation, and the staff members are supposed to raise their own salaries by inviting people and churches to contribute financially to the ministry. This was often very difficult to do and hampered the process of getting more people as staff members.

So in June 2009 John went to see the government. They knew him. He was the man who was uplifting the country and feeding the people while leading them to Christ.

John asked the government for land. And they gave him land – in Harare! Life Ministry was able to divide the land into 347 1000 sq metre plots. Each Life Ministry staff member, even the tea lady, was given a plot to build a house and grow a small vegetable garden in order to continue the subsistence motif.

Already the first stage roads have been built (by hand, by the staff members themselves, so it is slow-going), water has been laid on, and they are currently working on the sewage system.

Now the staff of Life Ministry need less money to sustain themselves, as housing has already been taken care of.

John is a visionary. He does not see problems, he sees opportunities. We need leaders like him in Africa.

Let us all follow his example and stop complaining about crime, corruption and all those things we keep on complaining about. Let's do something about it – like John!

Bevry tot diensbaarheid (van bl 15)

Ek is wéér gedwing om grense oor te steek. Die situasie was totaal anders as dié van 'n hospitaalpredikant wat in opdrag van 'n kerk pastorale besoeke aan lidmate van die betrokke kerk moes bring.

In hierdie tyd moes ek leer wat dit beteken "om voete te was". By wyse van spreke moes ek die toga uittrek en die Bybel en preeknotas by die huis los en eerder tasse dra, koffie maak, ontredderde mense ondersteun en begelei. Maar só het ek die wonderlikste geleenthede beleef om die hoop wat daar vir ons in Christus Jesus ons Here is, met ander te deel, deur dit uit te leef – selfs sonder om 'n woord daarvan te sê. Hierdie diens het met die tyd gegroei tot 'n trauma-ondersteuningsdiens wat by vyf privaathospitale funksioneer.

In sommige van die privaathospitale, brei die diens steeds uit na meer as dienslewering by die eenhede vir trauma-ongevalle. Betrokkenheid by alle pasiënte en hulle naasbestaandes behels sorg aan sterwendes en hulle naasbestaandes, betrokkenheid by orgaanskenking en -oorplanting, fasilitering van skakeling en kommunikasie tussen dokter en familielede, betrokkenheid by etiese besluitneming oor die aard van die behandeling (of nie) wanneer die verloop van die siekte onomkeerbaar geword het.

Voete-was is om diensbaar te wees, die minste te wees, ander te aanvaar, al kook hulle vrese en onredelikheid ook oor in aggressie. Dit is om verby die verskille in taal, kultuur, ras, godsdiens en kerkverband te kan kom, dit te begryp, te respekteer, te waardeer en te akkommodeer. Dit is 'n bevrydende ervaring!

Hierdie bevryding word gebore uit die ervaring van diensbaarheid. Dit is onbaatsugtige toewyding oor grense heen. Dit skep nuwe geleenthede vir diensbaarheid.

Dit is waarom die Woord van 1 Korintiërs 9:19 ev my so aangryp: "Ek is vry om te doen wat ek wil doen, maar ek het besluit om 'n slaaf van almal te word, sodat meer mense in Christus kan glo ... Ek probeer om soos almal te wees, sodat ek miskien party van hulle kan red. Ek doen dit alles vir die goeie boodskap van Christus, sodat ek self ook kan kry wat Hy in sy boodskap belowe *(Die Bybel vir almal)*.

Dit beteken dat ons die grense moet oorsteek na ander mense. Dit vra onvoorwaardelike erkenning van die menswees van ander. Wanneer ons Christus só met mekaar deel en mekaar dien, gee dit sin en betekenis aan ander, en ook aan ons eie lewe.

Oor die grens van eie godsdienstigheid

In die kliniese omgewing kom daar al hoe meer waardering vir die spirituele of geestelike dimensie van menswees. Die betekenis van spirituele sorg in die genesing en helingsproses, kry steeds groter erkenning.

Hierdie erkenning van spiritualiteit maak deure oop. Dit stel jou ook voor die grense van dogma en kerklike tradisie. Dit het my uitgedaag om méér grense in die gesig te staar as net dié van verskille tussen kerkgenootskappe of van gereformeerdes en ander groepe. Dit het my by die grensvraag gebring: *Wie is God?*

Vir my kon dit nie 'n akademiese vraag bly nie. Dit het 'n eksistensiële worsteling geword, 'n geloofs-onderskeidende reis onder leiding van die Heilige Gees!

Het die apostel in 1 Korintiërs 9 bedoel dat hy die geloof in Jesus, die Christus, moet verloën? Sekerlik nie, want hy wou dan juis Jode en heidene tot geloof in Christus lei!

Ek kan nie en wil nie 'n teologies-akademiese antwoord probeer gee op die worstelvraag na wie God is nie. Ek weet net dat ek in my betrokkenheid by mense van ander godsdienste en gelowe (soms selfs geen geloof), die grens waarbinne ons God soms in die Christelike godsdiens inperk, moes oorsteek. God is groter as my "beskrywing van God" en my ooreenkoms met my eie geloofstradisie.

God is nie Joods, Christen, Moslem of Hindoe nie. God is God. God is groter as die voorstelling van 'n bepaalde godsdienstige tradisie. Hy is ook groter in sy betrokkenheid by mense as wat hierdie mense God se liefde, wil en handelinge kan verklaar.

Om die beeld van 'n legkaart te gebruik: Hoe begin ons gewoonlik om 'n legkaart te bou? Deur eers die hoek- en randstukke uit te pak en dan na die binnekant die stukke by mekaar te probeer bring, totdat die prentbeeld van die legkaart gaandeweg sigbaar word.

Ek kan nie anders as om binne die raamwerk van die hoeke en kante van die Christelike geloofstradisie tot 'n ontmoeting met die lewende God te kom nie. Maar God is groter as al ons pogings om iets te verstaan of te beskryf van wie Hy is. Die teenwoordigheid van God in die lewenskonteks van mense, veral wanneer lyding mense verstom, groei uit die legkaartstukke wat nie maklik in plek gelê kan word nie ... sonder dat die hoek en randstukke daar is.

Bevry tot diensbaarheid en deur diensbaarheid tot bevryding: Hierdie bevryding het my deur my eie geloofsdroogtes gedra toe die tradisionele manier van dink en antwoord gee nie altyd wou werk nie. Aan God die eer en dank, want ek kon self ook deel kry aan dít wat Hy in sy boodskap belowe!